# Vyf broodjies en twee vissies

*Johannes 6:1-15*

1. ONTHOU: Lees Markus 4:39-41. Hoe maak Jesus die storm stil? Wat sê dit oor Hom?
*Jesus praat net met die wind en die see en dit word stil. Hy praat en dit gebeur. Markus wil vir ons vertel dat Jesus God self is. Hy het die mag oor die natuur.*

2. Lees Johannes 6:1 en 2. Waarheen het Jesus gegaan? Hoekom het daar so groot klomp mense agter Hom aangekom? *Jesus gaan na die See van Galilea (ook die See van Tiberias genoem). Die mense het agter Hom aangekom omdat hulle sy wonderwerke gesien het of daarvan gehoor het. Hulle het gehoop om nog wonderwerke van Hom te sien.*

3. Lees Johannes 6:7 en 10. Hoeveel mense was daar? Wat skat Filippus sou dit kos om vir al die mense kos te gee?
*Net die mans wat daar was was meer as 5000. Dit beteken daar was nog baie meer mense wat moes eet as mens die vrouens en die kinders ook by tel. Fillipus maak 'n vinnige berekening dat dit meer as 200 mense se daglone (die geld wat hulle vir een dag se werk verdien) om vir die mense kos te koop en dan sal dit nog nie genoeg wees nie.*

4. Lees Johannes 6:8. Wat het Andreas opgespoor om te eet? Waar het hy dit gekry?
*Andreas kry 'n klein seuntjie wat 5 broodjies en twee vissies by hom gehad het. Dit is al wat hulle beskikbaar gehad het om vir die meer as 5000 mense kos te gee. Ons sien aan Andreas se vraag ook dat hy dit nie eintlik as 'n moontlikheid oorweeg het dat die Here hierdie bietjie kos kan gebruik nie.*

5. Lees Johannes 6:10-13. Beskryf in jou eie woorde hoe hierdie wonderwerk plaasgevind het. Was daar toe genoeg kos vir almal? *Die brood en die vissies was eintlik net genoeg vir een of twee mense om te eet. Jesus doen 'n gebed, 'n dankgebed vir die kos. Dan vat Hy doodeenvoudig die brood en die vissies en deel dit net uit, en Hy hou net aan uitdeel en uitdeel en die kos word net nie minder nie, maar net meer en meer. Daar was vir al die meer as 5000 mense meer as genoeg om te eet en daar het nog 12 mandjies vol kos oorgebly.*

6. Lees Johannes 6:35. Die mense kom na Jesus toe in die hoop dat hulle weer by Hom van hierdie wonder-brood kan kry. Maar Hy sê vir hulle dat hulle nie moet soek net na dit wat hulle versadig kan maak nie, want dit vergaan, hulle moet eerder soek na iets wat nie vergaan nie. Wat bedoel Jesus hier? *Jesus wil vir die mense wys dat enige iets op aarde wat ons wil gebruik om ons te laat beter voel, versadig voel, vergenoeg voel, tevrede voel, maar ook verbygaan en dit nooit 'n blywende verskil maak. Ons moenie daarna strewe om aardse dinge op te gaar nie, maar eerder net in Hom glo. Hy gee vir ons wat ons nodig het en Hy bly vir ewig. Selfs al het ons niks anders nie, maar ons het nog die liefde van die Here, dan het ons nog alles wat ons nodig het.*



WESKERK KIDZ
waar elkeen sy kerk is